

## Begripstoets Graad 6

### In sy dop gekryp!



Wanneer hy uit sy dophuis kruip, sien jy vier skubberige bakbene stadig grond toe mik. 'n Plooierige nek kom te voorskyn en hy staar met blink bruin ogies na jou...

Hierdie snaakse karakter is al eeue lank deel van die diereryk. Hy en sy familie woon al meer as 220 miljoen jaar hier op ons planeet. Hulle was nog voor die dinosorusse hier en is die oudste oorlewende reptielspesie op aarde.

Skilpaaie is reptiele. Hulle wetenskaplike orde is *Chelonia*, 'n ander woord vir skildreptiele. Hulle doppe dien as beskerming teen vyande soos roofvoëls en ander wilde diere wat hulle probeer eet. 'n Skilpad se dop groei saam met hom. Wanneer skilpaaie nie in hulle doppe skuil nie, beweeg hulle maar stadig voort teen omtrent 300m per uur.



Nie alle skilpaaie verkies dieselfde habitat nie. Seeskilpaaie woon byvoorbeeld in die see, waar hulle alge, sponse, wiere en selfs krappe en garnale eet. Hulle lê en begrawe hulle eiers in die sand naby die see en wanneer die klein seeskilpadjies uitbroei, moet hulle sorg dat hulle weer in die see kom.

Waterskilpaaie verkies weer vars water soos vleilande, moerasse, riviere en mere. Hulle kom net land toe om eiers te lê en in die son te bak, want skilpaaie is koudbloedig en bak graag in die son. Wanneer dit in die somer baie warm en droog word, skuil hulle maande lank onder die grond in veilige, koel en klam gate- dit word 'n somerslaap genoem.

Skilpaaie wat op land woon, is nie juis lief vir water nie, behalwe die bergskilpad wat lief is vir swem. Hierdie skilpaaie woon op verskillende terreine- van rotsagtige woestynland tot in groen graslande. Hulle is

meestal vegetariërs, hoewel sommige soorte ook aan slakke, wurms en insekte sal smul.

Hoewel skilpaaie die dinosoruse, droogtes, die Ystydperk en selfs groot meteore oorleef het, meen kenners hul voortbestaan word nou bedreig.

Die suuropootjieskilpad wat in die kusgebiede van die Wes-Kaap voorkom, is een van die mees bedreigde skilpadspesies ter wêreld,

omdat slegs 5 persent van hulle natuurlike habitat oor is.

Die res van hulle oorspronklike habitat is omskep in koringlande en wingerde, of is bebou. Verstedeliking, veldbrande, geëlektrifiseerde heinings, die gewildheid van skilpadvleis en die verkoop van skilpaaie as troeteldiere is redes vir die bedreiging van die skilpaaie.



Byna al die skilpaaie in Suid-Afrika is endemies. Dit beteken dat hulle net op daardie spesifieke plek voorkom. Die seeskilpaaie is die enigste uitsondering.

(Verwerk uit: Huisgenoot.)

### Vrae:

1. Hoekom is dit somtyds moeilik om skilpaaie raak te sien? (2)
2. Soek 'n sin wat bewys dat Skilpaaie al baie lank op die aarde woon. (1)
3. Die feit dat Skilpaaie baie stadig beweeg, plaas nie hulle lewe in gevaar nie. Hoekom nie? (2)
4. Noem al die verskillende habitats waar skilpaaie voorkom.(3)
5. Wat is 'n somerslaap? (1)
6. Wat beteken die woord endemies? Gebruik 'n woordeboek. (1)
7. Watter skilpad is die mees bedreigde skilpadspesie in die wêreld? (1)
8. Skilpaaie is vegetariërs, Wat beteken dit? (2)
9. Wie of wat bedreig skilpaaie se voortbestaan? (1)
10. Wat is die doel van die teks? (2)
11. Lees die titel van die teks. (4)
  - 11.1 Wat beteken die woorde letterlik en waarom pas dit hier?
  - 11.2 Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde?

20 punte.

